

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

EKONOMIE HG

Possible Answers March 2006

BIBLIOGRAFIE

Die volgende publikasies is gebruik in hierdie vraestel:

1. Chetty et al., *Fundamental Economics*
2. Levin, M et al., Lex, *Geniet Ekonomie*
3. Ross, D.J. et al., *Nuwe wêreld van Ekonomie*
4. Swanepoel, D.J. & Van Zyl, *Ekonomie 2000*

AFDELING A
VERPLIGTEND

VRAAG 1
ALGEMEEN

1.1	C	1.18	C
1.2	C	1.19	B
1.3	B	1.20	D
1.4	B	1.21	B
1.5	C	1.22	B
1.6	C	1.23	B
1.7	B	1.24	B
1.8	C	1.25	D
1.9	B	1.26	C
1.10	B	1.27	D
1.11	A	1.28	C
1.12	D	1.29	A
1.13	C	1.30	A
1.14	A	1.31	C
1.15	C	1.32	A
1.16	C	1.33	A
1.17	D	1.34	C

34x3=(100)

TOTAAL VIR AFDELING A: [100]

AFDELING B

VRAAG 2 PRYSVORMING EN MARKTE

1. Inleiding
- Definisie van 'n mark
- 'n Mark verwys na al die koop- en verkooptransaksies wat die prys van 'n (2) kommoditeit beïnvloed – enige plek of geleentheid waar kopers en verkopers mekaar kan ontmoet om pryse te beding (2). (4)
2. Bespreking
- Die volmaakte mark**
- Volmaakte kompetisie is **absoluut onpersoonlik**.
 - Geen voorkeure om van sekere firmas te koop of om aan iemand te verkoop nie.
 - Pryse word bepaal **slegs** deur aanbod en aanvraag (markkragte). Individuele kopers en verkopers het geen invloed nie. (2)
 - Op die volmaakte mark is potensiële kopers en verkopers onmiddellik bewus van die pryse waarteen transaksies (koop en verkoop) plaasvind.
 - **Voorwaardes vir die volmaakte mark**
 - (a) Produkte moet absoluut **homogeen** wees, sodat elke verkoper 'n identiese produk aanhou en die kopers nie plaasvervangers kan koop nie. (2)
 - Alle produkte moet hoogs gestandaardiseerd, maklik gegradeer en beskryfbaar wees. (2)
 - Moet in alle opsigte identies wees sodat handelsmerke nie nodig is nie. (2)
 - (b) **Groot aantal verkopers** wat almal **dieselfde produkte** aanbied.
 - Een verkoper kan nie die markprys manipuleer deur die hoeveelhede wat hy beskikbaar maak nie. (2)
 - Pryse word nie deur 'n vervaardiger / verkoper beïnvloed nie, maar deur die mark as geheel. (2)
 - Geen verkoper verkoop genoeg om 'n skaarsste te veroorsaak nie.


- (c) **Groot aantal kopers** wat by enige verkoper koop. (2)
- Net 'n laer prys kan die koper lok om by 'n ander verkoper te koop. (2)
 - Kopers vorm nie somer verenigings nie omdat almal na hulle eie belange omsien. (2)
- (d) **Vrye mededinging is noodsaaklik.** Enige verkoper moet enige artikel teen enige prys op die mark te kan plaas. (2)
- Kopers moet kan koop wat hulle wil, van enige onderneming in enige hoeveelheid. (2)
 - Geen staatsinmenging of prysbeheer. (2)
- (e) **Geen voorkeurbehandeling of diskriminasie.** Kopers en verkopers tree op op grond van prys. (2)
- Koop van enigiemand en verkoop aan enige koper (2)
 - Identiese goed teen dieselfde prys op alle markte (2)
 - As verkoper nie dieselfde vra as die res nie, is sy voorraad spoedig klaar
 - As verkoper sy prys opsit, is kopers traag om by hom te koop
 - As hy nie weer teen die goedkoper prys verkoop nie, daal sy verkope spoedig tot nul
- (f) **Doeltreffende vervoer en kommunikasiestelsel** (2)
- Kopers en verkopers moet maklik by mekaar kan uitkom om die transaksie so vinnig as moontlik te beklank. (2)
 - Publikasie van prys hou kopers en verkopers op hoogte van marktoestande elders. (2)
 - Geskikte vervoer moet beskikbaar wees om goedere vinnig van een plek na 'n ander te vervoer. (2)
 - Op hierdie manier word aanvraag vinnig verskaf deur verskaffers. (2)
- (g) Alle deelnemers (mededingers) op die mark moet **volmaakte kennis** van marktoestande hê. (2)
- Kopers en verkopers moet bewus wees van die pryse van verskaffers, pryskwotasies, voorwaardes in verskaffing en die ekonomiese klimaat. (2)
 - Verandering in aanvraag en aanbod in een deel van die mark sal al die pryse regdeur die mark beïnvloed. (2)
 - Tegnologiese ontwikkelings (rekenaars en selfone) het die mark baie verbreed. (2)

3. Markewewigspunt deur aanbod en vraag op 'n volmaakte mark.

* In 'n volmaakte mark word pryse bepaal deur die wisselwerking tussen vraag en aanbod. (2)

PRYS	HOEVEELHEID AANGEBIED	HOEVEELHEID AANGEVRA
R 5	3 400	800
R 4	2 800	1 300
R 3	2 200	2 200
R 2	1 500	3 800
R 1	400	6 000

(4)



(2)

* Markewewig word slegs op een prys bereik. (2)

* Teen die prys is daar nie 'n oorskot vraag of oorskot aanbod nie. (4)

4. SLOT MARKEKONOMIE

– Die sukses van 'n kapitalistiese mark, hang uitsluitlik af van gesonde kompetisie. (2)

– Die bekamping van kompetisie verswak die vermoë van die mark om betroubare en akkurate pryse te reflekteer. (2)

Enige 25x2=[50]

VRAAG 3 EKONOMIESE ONTWIKKELING

Bespreek Ekonomiese ontwikkeling

A. Inleiding

Ekonomiese ontwikkeling kan gedefinieer word as die proses wat nodig is om oor 'n tydperk grootskaalse verbetering in die algemene lewensstandaarde van die meeste mense van 'n land teweeg te bring. (4)

B. Bespreking

Ontwikkeling as 'n ekonomiese doel

1. Die begrip "ontwikkeling"

Die begrip *ontwikkeling* het 'n interessante verandering deurgegaan. In die vyftigerjare het die begrip *onderontwikkel* (2) ("underdeveloped") die woord *agterlik* ("backward"), met sy verkleinerende konnotasie, vervang. Die sensitiwiteit van veral die nuwer lande in hierdie verband is verstaanbaar. In die sestigerjare is na hierdie lande verwys as *minder ontwikkel* (2) ("less developed"). In internasionale organisasies is die begrip *Derdewêreldlande* (2) ("Third World Countries") gebruik om dié lande te onderskei van die geïndustrialiseerde Eerstewêreldlande en die Tweedewêreldoorloglande (2) van die Oosblok, was meestal sosialisties.

Om enige verdere implikasies van minderwaardigheid uit die weg te ruim, is daar sedert die 1970's na hierdie lande verwys as *ontwikkelende lande* ("developing countries"). In sommige dokumentasie het die afkorting LDC (minder ontwikkelende lande) ook begin verskyn.

In die breedste sin van die woord kan ekonomiese ontwikkeling omskryf word as die proses waardeur die mense se lewensgehalte verbeter word.

Drie ewe belangrike aspekte van ontwikkeling is:

- (a) Om die inwoners van 'n land se lewensstandaard te verhoog, m.a.w. om hul inkomste en verbruiksvlakke deur middel van die relevante ekonomiese groeiproses te verhoog. (2)
- (b) Om omstandighede daar te stel wat die groei van selfrespek in mense bevorder deur die daarstelling en instandhouding van sosiale, politieke en ekonomiese stelsels en instellings wat menslike waardigheid en respek kan bevorder. (2)
- (c) Om die mense se vryheid van keuse te vergroot deur 'n toenemende verskeidenheid verbruikersgoedere en dienste te voorsien. (2)

2. **Verskil / onderskeid tussen ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling**

Ekonomiese groei het te make met die verhoging in 'n land se reële bruto binnelandse produk per capita (kop) soos gemeet aan die gemiddelde toename in die aantal goedere en dienste per capita (hoof) van die bevolking oor tyd. **Ekonomiese ontwikkeling** is, soos aangedui, die proses waardeur die lewenstandaarde van die meeste mense van 'n land oor tyd verbeter. Die meeste inwoners van 'n land benut die toename in die aantal goedere en dienste (groei) om hul lewenstandaarde te verhoog (ontwikkeling).

3+3=(6)

KENMERKE VAN ONDERONTWIKKELDE LANDE:

1. **LAE LEWENSTANDAARD: (2)**

'n Basiese kenmerk van 'n ontwikkelende land is die lae lewensstandaard van die meerderheid van die bevolking. Dit kom oor die algemeen voor in die vorm van lae inkomste en gevolglik armoede, onvoldoende onderwys (selfs ongeletterdheid) onvoldoende behuising, swak gesondheid, beperkte onderwys en opleiding en (selfs ongeletterdheid), hoë sterftes onder babas, lae lewens- en -werksverwagting, ens. Die *per capita bruto nasionale produk* of nasionale inkomste, as indeks van welvaart in 'n land, is relatief laag.

Enige 2x2(=4)

2. **LAE PRODUKTIWITEIT**

'n Verdere kenmerk van ontwikkelende lande is die relatiewe lae vlakke van produktiwiteit. Die produktiwiteit van arbeid, soos gemeet aan die uitset per werker, is baie laag. Dit kan onder andere toegeskryf word aan swak fisiese gesondheid, onvoldoende of verkeerde voeding, lae standaard van persoonlike higiëne, ens.

Enige 2x2(=4)

3. **HOË BEVOLKINGSGROEI EN AFHANKLIKHEIDSLAS (2)**

In minder ontwikkelde lande is die bevolkingsgroei, soos gemeet aan die aantal geboortes, geweldig hoog. Die implikasie hiervan is dat die aantal kinders onder die ouderdom van 15 jaar ongeveer 40% van die totale bevolking uitmaak, teenoor minder as 20% in hoogs ontwikkelde lande. Die afhanklikheidslas op die ekonomies bedrywige deel van die bevolking is dus groot en dit plaas 'n demper op verdere ekonomiese ontwikkeling.

Enige 2x2(=4)

4. WERKLOOSHEID EN ONDERINDIENSNAME

Die gebrek aan voldoende werksgeleenthede gee aanleiding tot grootskaalse werkloosheid en onderindiensname. Die relatief onvoldoende werksgeleenthede en ondoeltreffende benutting van arbeid het laer lewensstandaarde in ontwikkelende lande tot gevolg. Werkloosheid kom voor waar mense gewillig en in staat is om te werk, maar nie werksgeleenthede kan bekom nie. *Onderindiensname* kom voor waar mense minder werk as waartoe hulle in staat is. Dit sluit in arbeiders wat minder ure werk, seisoenale werkers en mense wat nie tot hul volle potensiaal ekonomies bedrywig is nie.

Enige 2x2(=4)

5. GEBREKKIGE EKONOMIESE STRUKTUUR

(2)

Benewens 'n swak ontwikkelde ekonomiese infrastruktuur is 'n gebrekkige ekonomiese struktuur 'n wesenskenmerk van ontwikkelende lande. Die meerderheid van die bevolking (tot soveel as 80%) is van die landbousektor afhanklik. Grootskaalse betrokkenheid in die landbou kan toegeskryf word aan lae opvoedkundige vlakke en die feit dat daar geen ander werksgeleenthede bestaan nie.

Enige 2x2(=4)

6. SWAKKER POSISIE IN INTERNASIONALE VERHOUDINGS

(2)

Daar bestaan 'n hoogs ongelyke verdeling van politieke en ekonomiese mag tussen die ontwikkelde en ontwikkelende lande. Ryker lande beheer die patroon van internasionale handel en beïnvloed ook die vermoë om tegnologie, ontwikkelingshulp en kapitaal in arm lande oor te dra. Ryk lande kan die voorwaardes dikteer en sodoende invloed op die arm lande uitoefen.

Enige 2x2(=4)

'n Kenmerk van minder ontwikkelde lande is hul afhanklikheid van ontwikkelde lande. Ten opsigte van die oordrag van waardes, standpunte, instellings, gedragpatrone, standaarde en algemene benadering is die invloed van die ryker lande duidelik.

Enige 2x2(=4)

ONTWIKKELINGSTRATEGIEË

- Ontwikkelingstrategieë wat in ontwikkelende lande toegepas word, verskil tussen lande. Sommige lande het groter staatsbetrokkenheid terwyl ander dit aan die vrye mark oorlaat. (4)
- In lande soos Suid-Afrika waar vryemarkbeginsels toegepas word, word dit deur staatsinisiatiewe aangevul. Konferensies soos die 1979 Goeie Hoop-konferensie, het die grondslag gelê vir samewerking tussen die openbare en privaatsektor, om onder andere ontwikkeling te stimuleer. (4)
- Vervolgens, in meer besonderhede, die instellings wat betrokke is by ontwikkelingstrategieë en die Heropbou en Ontwikkelingsprogram in meer detail. (4)

FAKTORSTRATEGIEË

(2)

– Faktorstrategieë verwys na die bydrae van verskillende faktore van produksie naamlik: (2)

- menslike hulpbronne (2)
- natuurlike hulpbronne (2)
- kapitaalvorming (2)
- tegnologie (2)
- enrepreneurskap

2. INRIGTINGS GEMOEID IN ONTWIKKELINGSTRATEGIEË (2)

– Verskeie ondernemings / inrigtings is daar gestel om ekonomiese groei te bevorder in Suid-Afrika (2)

NYWERHEIDS-ONTWIKKELINGSKORPORASIE (NOK) (2)

Die NOK is in 1940 deur die Suid-Afrikaanse regering gestig.

ONTWIKKELINGSBANK VAN SUIDER-AFRIKA (OBSA) (2)**SLOT**

Enige toepaslike slot.

Enige 25x2=[50]

**VRAAG 4
INTERNASIONALE HANDELSBELEID**

Bespreek Suid-Afrika se Internasionale Handelsbeleid volledig.

(A) INLEIDING

Ten spyte van die voordele van vrye internasionale handel, rig byna alle lande op die een of ander stadium beperkings op om vrye handel te kortwiek.

(B) BESPREKING**(a) Uitvoerbevordering**

(2)

– Behels die bonusse en voordele wat aan die nyweraar aangebied word om uit te voer, wat tot ekonomiese ontwikkeling bydra. (2)

– Doel van uitvoerbevordering:

- (i) Verbeter internasionale mededinging (2)
- (ii) Verbeter prestasie met betrekking tot tegnologie (2)
- (iii) Optimale benutting van hulpbronne (2)

–	Belangrikheid van uitvoerbevordering	
•	Politiese en ekonomiese faktore	(2)
•	Bydrae tot BBP	(2)
•	Verligting van armoede	(2)
•	Groeikoers en verstedeliking	(2)
–	Bonusse, subsidies en voordele	
•	Moedig uitvoer aan	
→	toegang tot die internasionale markte	(2)
→	uitvoeruitstallings	(2)
→	tegniese ondersteuning	(2)
	Subsidies – kontanttoelaes,	(2)
	– marknavorsingskoste	(2)
	– finansiering om buitelandse kopers aan te moedig	(2)
	– lug en spoorvrag	(2)
	– versekering	(2)
		(18)
(b)	Invoervervanging	(2)
	Dit is die doelbewuste instelling van maatreëls deur die staat om die invoer van oorsese produkte te ontmoedig wat nadelig vir plaaslike nywerhede kan wees.	(2)
	Vrywillige invoervervanging	(2)
	Invoere word met plaaslik vervaardigde produkte vervang	(2)
	Gedwonge / verpligte invoervervanging	(2)
	'n Land word deur sanksies, boikotte of disinvestering gedwing om sekere produkte self te vervaardig.	(2)
	Doel van invoervervanging	(2)
–	Plaaslike nywerhede word bevorder.	(2)
–	Betalingsbalansprobleme gee aanleiding tot kwotas (oorsese produkte duur) en invoervervanging (vervaardig dit self vir goedkoper)	(2)
	Belangrikheid van invoervervanging	(2)
–	Tariefbeskerming – diversifiseer industriële ontwikkeling	(2)
–	Skep werk. Bonusse en subsidies	(2)
–	Die manipulasie van tariewe om tot invoervervanging te lei, bevoordeel plaaslike nywerhede.	(2)

(c) Beskerming

Beskerming is die toepassing van 'n handelsbeleid waar die staat die invoer van sekere goedere en dienste **ontmoedig** om plaaslike nywerhede teen onregverdig mededinging uit buiteland te beskerming. (2)

Argumente ten gunste van beskerming / voordele

- Beskerm jong, beginnende industrieë (2)
- Bevorder groter ekonomiese stabiliteit (2)
- Beskerm die belange van die werkers: werksgeleenthede, loonpeile, lewensstandaard (2)
- Beskerm staatsinkomste
- Bevorder nywerheidsontwikkeling
- Beskerm natuurlike hulpbronne
- Voorkom “dumping”
- Skakel betalingsbalansprobleme uit
- Voorkom oorspesialisering
- Bevorder nasionale selfstandigheid (2)

Praktiese probleme in die toepassing van beskerming

- Daar moet 'n duidelike begrip wees van die land se ekonomiese doelwitte (2)
- Beskerming moet in die belang wees van die land as geheel (2)
- Vrye handelsbeleid maak dit nodig vir die staat om op indirekte maatreëls te konsentreer. (2)

Beskermings-maatreëls:

1. **Doeaneregte** (2)
 - verhoog die prys van ingevoerde artikels en inwoners koop goedkoper plaaslike produkte.
 - Dit beskerm plaaslike nywerhede.
 - Dien as inkomste vir die staat. (4) (2)

Vorme (Tariewe)

- Spesifieke tariewe = sekere bedrag per eenheid of massa (4)
- Ad valorem-tariewe = persentasie van die waarde van die ingevoerde produk word belas (4)
- Enkelvoudige tariewe = een tarief ongeag die land van herkoms (4)
- Meervoudige tariewe = meer as een tarief, afhangende van die land van herkoms. (4)

2. **Invoerkwotas** (2)
- Slegs 'n sekere hoeveelheid van 'n bepaalde produk of diens word ingevoer vir 'n tydperk. (2)
 - Kwotas verminder invoere, sonder om die prys van die produk te beïnvloed. (4) (2)
- Vorme (Tariewe)** (2)
- Eenvoudige kwotastelsel = plaas slegs 'n beperking op die hoeveelheid goedere en dienste gelewer (2)
 - Geallokeerde kwotastelsel = kwota vir invoere net vir sekere lande
 - Invoerlisensies = ondernemings word verplig om eers 'n lisensie vir invoere te kry (4) (2)
3. **Invoerdepositos** (2)
- Is 'n verpligte bedrag wat gelyk is aan 'n % van die waarde van die ingevoerde goedere en dienste wat aan die monetêre owerheid betaal moet word. (2)
 - Gebruik by die invoere van luukse items. (2)
 - Gaan gepaard met streng kredietbeleid. (2)
 - Die koste om deposito's te finansier is 'n belangriker aspek. (2)
 - Voordeel is dat dit baie eenvoudig is. (2)
 - Nadeel is dat daar ekstra admin. verpligtinge is. (2)
4. **Invoerverbod**
- Strengste, mees drastiese maatreël
 - Bv. sanksies en boikotte (4)
5. **Ander vorme is:**
- Bobelasting = % heffing op waarde van invoere
 - Oormatige streng gesondheidsregulasies
 - Admin prosedure soos prosesse van doeaneklaring
 - Waar een land die ander vra om vrywillig minder na hom toe in te voer. (4)
6. **Probleme met die toepassing van beskerming**
- Uitkenning van die ondernemings moeilik
 - Ondernemings raak bederf en kan later nie op eie oorleef nie
 - Dit kan groei en werkskepping demp
 - Teenaksies van oorsese lande
 - Hoë koste veral op die korttermyn (6) (18)
- * Slot: Enige toepaslike slot
- * Maks van 5 punte moet afgetrek word as kandidaat nie 'n Inleiding, bespreking en slot gegee het nie. 25x2=[50]

VRAAG 5 DIE STAAT

Bespreek die ekonomiese beleid van die staat volledig.

(A) Inleiding

1. Ekonomiese beleid van die staat en die beginsels van die beleid

Definisie van ekonomiese beleid: Die doelbewuste inwerking op die volkshuishouding om lewensomstandighede deur die werking van die ekonomie in sy geheel of gedeeltelik te verbeter. As gevolg daarvan sal algemene lewensstandaard verbeter. (2)

(B) Bespreking

Die begrip **ekonomiese politiek** behels dus basies die volgende drie beginsels: (2)

(a) Die verbetering van lewensomstandighede van die bevolking in sy geheel. Dit word gewoonlik gemeet aan die hand van inkomesyfers – die inkome per capita. (4)

(b) Die staat wil die werking van die ekonomie verbeter. Wanneer die lewensstandaard verbeter, sal die ekonomie in geheel beter funksioneer. Die lewensstandaard sal na verwagting verhoog en die werking van die ekonomie verbeter as die standaard van mededinging kan verhoog, as die staat self die produksie van openbare goedere onderneem wat nie deur die markmeganisme voorsien word nie (omdat die winsmotief by die markmeganisme swaarder weeg as diensmotief), en as eksterne invloede en sosiale koste soos besoedeling uitgeskakel word. (4)

(c) Die staat beoog om metodes wat die ekonomie ten goede sal beïnvloed, te implementeer. Daar is 'n noue verband tussen ekonomiese beleid en algemene beleid, want enige politieke doelstellings op ekonomiese gebied word ingeskakel by en bereik deur die ekonomiese beleid. (4)

2. Doelstellings van ekonomiese beleid

Die rigting waarin die ekonomie gestuur word, word deur die volgende vier doelstellings bepaal: (2)

(a) Ekonomiese groei beteken bloot 'n toename in totale produksie ('n toename van die BBP). Inflasie kan die BBP "kunsmatig" verhoog. Dit is dus nodig om die BBP teen konstante pryse te bereken om die reële toename van die BBP te kan bepaal. (4)

Wat kan die staat doen om ekonomiese groei te bevorder?

Die belangrikste sou wees om so min fiskale bronne (geld) as moontlik te onttrek en soveel moontlik in die ekonomie vry te laat. Belastingverligting sal verbruik en uiteindelik ook produksie stimuleer. Privatisering van staatsondernemings en -dienste kan ook produksie stimuleer. (4)

- (b) Volle indiensneming in 'n ekonomiese sin beteken 'n "bevredigende" peil van indiensneming. (1) Dit kom daarop neer dat daar werk is vir al diegene wat wil werk. (1) 'n Honderd persent-indiensnemingsyfer is in die praktyk nie moontlik nie, want daar sal altyd seisoenwerkers wees wat nie heeljaar gewerk het nie. (4)
- (c) Prysstabiliteit is slegs moontlik as inflasie in bedwang gehou kan word. Pogings van die staat in dié verband was huidiglik suksesvol. Inflasie word deur 'n hele aantal faktore aangeblaas. (4)
- (d) Betalingsbalansewewig dui op 'n toestand waar 'n gunstige verhouding tussen die ekonomiese veranderlikes (invoere, uitvoere, kapitaalbewegings) bestaan. As daar 'n wanbalans bestaan, moet aanpassings gemaak word om die balans te herstel (bv. aanpassings van binnelandse pryse, wisselkoersaanpassings, in- en uitvoere). (4)
- (e) Ekonomiese balans word nie altyd behaal nie. Hoë pryse word aan sekere produksiefaktore geheg en lae pryse weer aan ander. Die markmeganisme skep dikwels 'n ongelyke verdeling van inkome. Party mense word skatryk terwyl ander brandarm is. 'n Meer gelyke verdeling van inkome kan op twee maniere bewerkstellig word.
- (1) 'n Progressiewe belasting wat die hoë inkomstegroepe meer belas as ander.
- (2) Gelykheid kan bewerkstellig word deur gratis gesondheidsorg aan die armes te gee. (4)

3. **Uitvoering van ekonomiese beleid**
Vir die bereiking van hierdie doelstellings word verskillende moontlike metodes aangewend:

- (a) **Monetêre beleid** wat met behulp van die Reserwebank toegepas word. Dit is gemik op die beheer van die kontantvloei en krediet. Die Reserwebank het die volgende maatreëls tot sy beskikking: (2)
- Verandering van die amptelike bankkoers (herdiskonteringskoers) (2)
 - Opemarktransaksies – koop en verkoop van staats- en ander effekte. (2)
 - Verandering van die kontantreserwes en likiedebatereserwes van handelsbanke. (2)
 - Beïnvloeding van rentekoerspatrone in die praktyk. (2)
 - Morele oorreding – adviseer banke en maan hulle tot versigtigheid. (2)

- (b) **Staatsfinansiële beleid.** Hier word hoofsaaklik van die belastingstruktuur gebruik gemaak. (2)
- Bevordering van nywerheidsontwikkeling deur middel van tariefbeskerming. (2)
 - Bevordering van private ondernemerskap deur middel van belastingkonsessies. (2)
 - Inkorting van staatsuitgawes. (2)
 - Bevordering van uitvoer deur middel van subsidies. (2)
 - Bevordering van nywerheidsdesentralisasie om werksgeleenthede en opleidingsgeriewe vir ongeskoolde werkers te skep. (2)
 - Bestendige ekonomiese groei en bekamping van 'n hoë inflasiekoers. (2)
 - Vermindering van staatsskuld deur surplusse aan te wend vir kapitaalprojekte. (2)
 - Vermindering van die belastingsdruk op individue deur die belastingskoers so laag moontlik te hou (veral vir die laer- en middel-inkomstegroepe) (2)
- (c) **Buitelandse handelsbeleid.** Dit word hoofsaaklik toegespits op die (2)
- bevordering van uitvoere (deur 'n afdeling van die Raad van Handel en Nywerheid) deur middel van handelsooreenkomste, handelsverteenwoordiging en advies. (2)
 - uitvoer-aansporingsmaatreëls aan bona fide-uitvoerders. (2)

Die doel met dié maatreëls is om 'n permanente gunstige betalingsbalans te verseker.

- C. * **Slot:** Enige toepaslike slot
 * Maks van 5 punte word afgetrek as daar nie Inleiding, bespreking en slot is
 nie. Enige 25x2= [50]

TOTAAL VIR AFDELING C: 2x50=[100]

AFDELING C

VRAAG 6 NASIONALE INKOME

- 6.1.1 Waar
- 6.1.2 Waar
- 6.1.3 Onwaar
- 6.1.4 Waar
- 6.1.5 Waar 5x2=(10)

- 6.2 Bespreek hoe die volgende faktore verbeter kan word as 'n metode om ekonomiese groei te verbeter. (Buiten produksie en belegging)
- 6.2.1 Besikbaarheid van produksiefaktore (2)
- (i) Die sleutel tot ekonomiese groei is die verhoging van uitset per produksiefaktor.
- (ii) Produksiefaktore van die korrekte kwaliteit in die vereiste hoeveelheid moet beskikbaar wees sodat ekonomiese groei gegenerer kan word. (2)
- 6.2.2 Tegnologiese ontwikkeling (2)
- (i) Tegnologiese vooruitgang is altyd 'n belangrike faktor vir ekonomiese groei. (2)
- (ii) As voorbeeld, groot ekonomiese vooruitgang is gemaak na die stoomenjinn, die binnebrandenjinn en die rekenaar ontwikkel is. (2)
- 6.2.3 Effektiewe owerheidsbeleid
- (i) Effektiewe regeringsbeleid is 'n belangrike middel om ekonomiese groei in 'n land te bevorder.
- (ii) Alle deelnemers in die ekonomie wag elke jaar gretig op die Begrotingrede van die Minister van Finansies, Mnr T. Manuel.
- (iii) Die ekonomiese beleid van die staat word beskryf as die belangrikste agent in die skepping van 'n klimaat waarin ekonomiese groei kan plaasvind. 3x4=(12)
- 6.3 Bespreek binnelandse besteding in 'n oop ekonomie. (18)
- 1. Nasionale besteding**
- Nasionale besteding dui aan hoe besteding binne die groepe van die land plaasvind. (2)
- Die nasionale inkome bestaan hoofsaaklik uit drie sektore in die ekonomie. In 'n ope ekonomie met 'n groot buitelandse handel, soos die in Suid-Afrika, moet 'n vierde sektor, naamlik besteding deur die buitelandse sektor, bygevoeg word. In laasgenoemde geval word daar van binnelandse besteding gepraat (dit wil sê besteding binne die grense van die land) teenoor nasionale besteding. (2)

- (a) **Besteding deur huishoudings** (2)
- Huishoudings is verreweg die belangrikste sektor wat betref die besteding aan eindgoedere en dienste.
 - Meer as 70 persent van die totale nasionale inkome word aan werknemers in die vorm van lone betaal en word grootliks bestee ter bevrediging van daaglikse bestaansbehoefte.
 - Private verbruiksbesteding word onder die volgende hoofde ingedeel:
 - Duursame goedere soos meubels, motors en juweliersware.
 - Halfduursame goedere soos klerasie, huishoudelike toestelle en glasware.
 - Nie-duursame goedere soos voedsel, mediese produkte en petroleumprodukte.
 - Dienste soos huur, huishoudelike dienste en mediese dienste. (2)
- (b) **Besteding deur ondernemings** (2)
- Produksie-ondernemings bestee jaarliks groot bedrae aan die aankoop van kapitaalgoedere met die oog op die produksie van verbruiks- en kapitaalgoedere. (2)
 - Private sakeondernemings het in 1992 R37 353 miljoen aan vaste investering bestee (of 71,8 persent van die totale investering). (5)
- (c) **Staatsbesteding** (1)
- Sekere dienste word deur die staat ten behoeve van die landsburgers onderneem.
 - Hierdie dienste van in uitgawes in ten opsigte van die polisie, onderwys, gesondheidsorg, ens. (2)
 - Verbruikersbesteding deur die algemene owerheid was in 1992 R69 706 miljoen. (5)

- (d) **Besteding deur die buitelandse sektor** (2)
- Die totaal van die besteding deur voorgenoemde drie sektore staan bekend as **nasionale besteding**. (2)
 - Indien besteding deur die buitelandse sektor ook in berekening gebring word, praat ons van die **binnelandse besteding**. (2)
 - Buitelandse handel neem 'n baie belangrike plek in die "oop" volkshuishouding van Suid-Afrika in.
 - Talle goedere wat deur huishoudings, bedrywe en owerheids- liggame aangekoop word, kom uit die buiteland (as invoere).
 - Goedere wat plaaslik geproduseer word, word nie alles binnelands verbruik nie; 'n deel daarvan word na die buiteland uitgevoer. (5)
- 4x(1+2+2)=[18]

6.4.1 Per capita Inkome = $\frac{\text{Nasionale Inkome}}{\text{Bevolking}}$ (1)

$$= \frac{R430\,000}{39} \quad (2)$$

$$= R11\,025,62 \rightarrow \quad (1)$$

6.4.2 Reële inkome = $\frac{R500\,500}{1} \times \frac{100}{145}$ (2)

$$= R345\,172,4 \quad (1)$$

6.4.3 1997 = $\frac{430\,000}{1} \times \frac{100}{124,6}$

$$= R345\,104,3$$

1999 = R345 172,4 (2)

Ja; geringe verhoging. (1)

[50]

**VRAAG 7
PRYSVORMING EN MARKTE**

- 7.1.1 Waar
- 7.1.2 Waar
- 7.1.3 Onwaar
- 7.1.4 Onwaar
- 7.1.5 Onwaar 5x2=(10)
- 7.2 Bespreek VYF faktore wat 'n invloed het op die elasticiteit van vraag.
- (1) Substitusie (1)
- Indien daar goeie substitute binne dieselfde prysgrens bestaan, is die vraag na goedere en dienste baie elasties. Indien die prys sou styg, wend verbruikers hulle na substitute. Indien pryse styg, daal die vraag na 'n produk. Indien daar geen substituuat is nie, is die prys taamlik onelasties. (3)
- (2) Inkomste en rykdom (1)
- Artikels wat té duur is om onoordeelkundig te koop, (veral met 'n beperkte inkome) het 'n elastiese vraag.
 - 'n Verlaging in die prys sal aanleiding gee tot 'n aanvraag deur laer inkomste-groepe. Die laer inkomste-groepe met minder geld beskikbaar, is meer sensitief vir prysskommelings as hoë inkomstegroep. (2)
- (3) Aard van die artikel (1)
- Die vraag na noodsaaklike goedere neig om onelasties te wees. Hierdie artikels moet eenvoudig gekoop word, selfs al verander pryse, bv. mieliemeel. Luukse goedere wat nie vir oorlewing noodsaaklik is nie, het 'n elastiese vraag. Indien pryse sou styg, sal verbruikers minder luukshede koop. Kommoditeite wat deur skaarsheid en status beïnvloed is, bv. diamante. Elasticiteit van vraag kan ook deur die beskikbaarheid van 'n produk beïnvloed word. (2)
- (4) Die relatiewe belangrikheid van 'n artikel in die totale besteding van verbruikers (1)
- Indien die persentasie van hul inkomste bestee aan 'n sekere produk laag is, bv. vuurhoutjies neig produkte om 'n onelastiese vraag te hê. 'n Prysverhoging in hierdie artikels sal nie die vraag beïnvloed nie. Hulle pryse is laag genoeg dat self al word dit daagliks gekoop, dit byna geen invloed op hulle uitgawe sal hê nie. (2)

(5) Moontlike gebruike (1)

Artikels met meer as een gebruik, het 'n verhoogde markpotensiaal. Indien die prys sou daal, sou die aanvraag vir die produk selfs meer styg indien dit slegs een aanwending gehad het. Meerdoelige goedere het 'n elastiese vraag. (2)

(6) Gewoontevormende artikels (1)

Die vraag in gewoontevormende artikels, soos tabak en alkoholiese drankie, neig om relatief onelasties te wees. Die aanvraag verander feitlik nooit na klein prysveranderings nie. (2)

(7) Tyd (1)

Die vraag na 'n produk is meer elasties indien langer tye verloop tussen prysstygings. Die uitwerking van 'n prysstyging het nie 'n onmiddellike uitwerking op vraag nie, omdat verbruikers gewoon geraak het aan die produk. Besighede vind dit moeilik om hulle vervaardigingstelsels te verander vir nuwe produksiestelsels vanweë die hoër pryse van ouer insette. (2)

$6 \times (1+2) = [18]$

7.3 Bespreek die rol van kompetisie in 'n vryemark ekonomie.

- In 'n vryemarke ekonomie word mense gedwing om met mekaar te kompeteer. (2)
- Indien 'n verbruiker 'n artikel dringend nodig het, en hy het die middele (geld) tot sy beskikking, sal hy 'n ander koper uitbied om die produk te kry. (2)
- Die interaksie van markkragte (vraag en aanbod) besleg dikwels verskille tussen kopers en verkopers. (2)
- Verkopers wil dikwels die prys manipuleer om 'n voorsprong op die mark te bekom. (2)
- Kopers ding mee vir goedere en dienste wat op die mark beskikbaar is. (2)
- Kompetisie laat pryse daal, wat voordelig is vir die verbruiker. (2)
- Indien 'n koper die prys té laag probeer afstry, bestaan die gevaar dat iemand anders bereid sal wees om meer te betaal, net om die produk te bekom. (2)


[12]

7.4

Getal koeldranke	Totale nut	Grensnut
1	12	12
2	22	10
3	28	6
4	30	2
5	28	-2

(5)

GRAFIEK VIR GRENSNUT



A = VERSADIGINGSPUNT, $4\frac{1}{2}$ koeldranke.

(5)

(10)

[50]

VRAAG 8 EKONOMIESE ONTWIKKELING

8.1.1 Onwaar

8.1.2 Waar

8.1.3 Onwaar

8.1.4 Waar

8.1.5 Waar

5x2=(10)

8.2 Die Nywerheidsontwikkelingsprogram (NOP) in Suid-Afrika het twee fokuspunte. Die een is die Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe (ROI) en die ander een is finansiële aansporings. Bespreek die ROI.

- Die ROI se doel is om infrastruktuur en beleggings na die plattelandse / onderontwikkelde gebiede aan te lok en sodoende werk te skep.

(2)

- Dit maak dit vir die privaatsektor moontlik om voordeel te trek uit onderontwikkelde gebiede in 'n vennootskap tussen die privaatsektor en die staat in 'n N.O.S. (2)
 - Indien EEN van hierdie vennote die vaste kapitaal voorsien om 'n fabriek op te rig, die geld om grondstowwe te koop, mense in diens te neem en die besigheid bestuur, sal die regering paaie, water en elektrisiteit verskaf. (2)
 - Besighede put winste en byvoordele uit die onderneming en verminder werkloosheid. (2)
 - Suid-Afrika se nywerheidsontwikkelingsbeleide is daaraan toegewy om volgehoue nywerheidsontwikkeling en groei, veral in gebiede waar armoede en werkloosheid die hoogste is, te bewerkstellig. (2)
 - Die ROI stel die regering in staat om hierdie voorneme oor nasionale, provinsiale en plaaslike owerhede se grense toe te pas. (2)
 - Die doel is om jaarliks meer beleggings en waarde aan te trek in die opsig dat dit verskeie tipes beleggings aanlok wat mekaar komplimenteer. (2)
 - Suid-Afrika se ROI's beskik oor twee elemente, naamlik 'n plaaslike ruimtelike element en 'n SAOK-ruimtelike element. Hierdie ruimtelike elemente is bekend as **korridors**. (2)
 - Korridors is ruimtelike gebiede wat bepaalde voordele inhou vir mynbou, vervaardiging en ander nywerhede. (2)
 - Voordele sluit in bestaande of potensiele infrastruktuur en spesialisering van produkte en / of dienste. Bv. die Phalaborwa-subkorridor in die Noordelike Provinsie hou bepaalde mynbouvoordele in. (2)
 - Hierdie korridors is ontwikkelingsgebiede in Suid-Afrika en lewer ontwikkelingsgeleenthede. (2)
- 8x2=(16)

8.3 Verstedeliking is soms 'n nodige voorwaarde vir ekonomiese ontwikkeling. Bespreek DRIE voordele van verstedeliking wat verband hou met ekonomiese groei.

- (i) Verstedeliking is 'n noodsaaklike voorwaarde vir ekonomiese ontwikkeling. Die vergelykende voordeel van stede as gevolg van die samevoeging van mense, uitgebreide nywerhede en doeltreffende infrastruktuur, bevorder ekonomiese groei. (5)
- (ii) Verstedeliking gaan gepaard met 'n groter vraag na gemeenskapsdienste soos watervoorsiening, vervoer, onderwys, gesondheid ens. Die groter vraag lei tot 'n beter gehalte en meer koste-effekte voorsiening. (5)
- (iii) Die vinniger lewenstempo van die stad is vir baie mense aantreklik, dit lei tot groter kompetisie en bevorder produktiwiteit. (5)

- (iv) Bevolkingsgroeikoers. Hoe hoër die ontwikkeling van stedelinge hoe laer die geboortesyfer. Die geboortesyfer hang ten nouste saam met industrialisasie, opvoedingspeil, ekonomiese peile en verstedeliking. (5)
Enige 3x5=(15)

- 8.4.1 Werkskepping (3)
Bestryding van armoede
- 8.4.2 Arbeid Entrepreneurskap (2)
- 8.4.3 Aktiwiteite van die onderwêreld; lae kringe (2)
- 8.4.4 (a) Tydelike werk – geen kontrakte
- (b) Familielede – persoonlike verwantskap
- (c) Sosiale kennisse – geen waarborge (3)
(10)
[50]

VRAAG 9 INTERNASIONALE HANDEL

- 9.1.1 Onwaar
- 9.1.2 Waar
- 9.1.3 Waar
- 9.1.4 Onwaar
- 9.1.5 Waar 5x2=(10)
- 9.2 Bespreek VYF redes vir internasionale handel
- (1) Natuurlike hulpbronne is nie eweredig oor die aarde versprei nie. (1)
- Sommige lande het 'n oormaat van 'n bepaalde natuurlike hulpbron wat hy op sy beurt na ander lande toe kan uitvoer. (2)
 - Deur dit te versprei (bv. Suid-Afrika se minerale) kan die land groot bedrae aan buitelandse valuta verdien. (2)
- (2) Klimaatstoestande verskil (1)
- Sekere produkte kan slegs in gebiede met 'n bepaalde reënval verbou word.
 - Suid-Afrika, met sy ongereelde reënval, sal nooit ontwikkel tot 'n belangrike landbougebied nie. (2)
 - Suid-Afrika hoef egter min landbouprodukte in te voer om aan sy behoeftes te bevredig.

- (3) Arbeidsvermoëns en tegnologiese ontwikkeling is nie oral dieselfde nie. (1)
- Sommige lande het beter opgeleide werkers en meer gevorderde tegnologie as ander.
 - Produktiwiteit van hierdie lande is dus hoër en hulle produksiekoste laer.
 - Die verwerkte goedere kan dan teen 'n hoër koste uitgevoer word. (2)
- (4) Effektiewe behoeftes (vraag) (1)
- Die vraag van individue, groepe en lande kan grootliks verskil.
 - Smaak speel ook 'n rol in die vraag na ingevoerde goedere.
 - Kontak tussen lande in die vorm van toerisme, migrasie, handelskommissies en uitstallings stimuleer mense se gedagtes en die vraag na nuwe goedere. (2)
- (5) Inkome (1)
- 'n Verhoogde inkome sal lei tot 'n verhoogde vraag vir plaaslike en internasionale goedere en dienste.
 - Omdat mense vandag meer rondreis, skep dit 'n vraag na meer goedere. (2)
- (6) Gevestigde nywerhede in ontwikkelde lande (1)
- Het die produksievoordeel bo nywerhede in ontwikkelende lande dat hulle tegnologie meer gevorderd is.
 - Dit is 'n wêreldwye tendens dat grondstowwe en halfklaar produkte uit ontwikkelende lande uitgevoer word en die ontwikkelde lande voltooi die produkte. (2)
- (7) Massaproduksie word aan laer eenheidskoste gekoppel (1)
- Dit bied 'n voordeel aan sekere lande wat in bepaalde produkte spesialiseer.
 - Die oorskot wat in 'n land vervaardig word en nie deur die plaaslike mark geabsorbeer kan word nie, word uitgevoer.
 - Handelskommissies en –uitstallings en reklameveldtogte stel hierdie produkte aan internasionale markte bekend. (2)

- (8) Kapitaal kan beperk wees (1)
- Vanweë lae besparingsvlakke en soms sanksies is lande nie in staat om kapitaal vir grootskaalse nywerheidsuitbreiding te bekom nie.
 - Grondstowwe kan dan uitgevoer word na ander lande, waar dit verwerk word in 'n ander vorm. (2)
- (9) Die ontwikkeling van moderne kommunikasie en vervoer (1)
- Lande het 'n nouer band met betrekking tot tyd en ekonomiese ontwikkeling verkry.
 - Selfone, mikrogolf en intersattelietverbindings beteken dat besigheidsmense maklik met enigiemand in die wêreld kontak kan maak.
 - Kommunikasie skep dikwels nuwe behoeftes onder mense van ander lande.
 - Internasionale handel is dus nodig. (2)
- (10) Internasionale migrasie (1)
- Dit help om bande tussen lande te skep.
 - Immigrante bring oorsese goedere saam en dring aan by plaaslike verskaffers om goedere te bekom uit hulle lande van oorsprong. (2)
- Enige $5 \times (1+2) = [15]$
- 9.3 Bespreek die VYF stadiums (fases) van die ekonomiese intergrasieproses.
- (1) Vryhandelsgebied (1)
- Dit is die eenvoudigste vorm van ekonomiese integrasie.
 - Twee of meer lande besluit om die vrye beweging van goedere oor hul onderlinge landgrense toe te laat.
 - Elke land behou egter nog sy tariewe en ander beperkinge teenoor ander lande buite die gebied. (2)
- (2) Doeane-unie (1)
- 'n Doeaneunie is die volgende stap in ekonomiese integrasie.
 - Die lande kom ooreen om 'n gemeenskaplike tarief te vra vir goedere wat buite die unie ingevoer word. (2)
- (3) Gemeenskaplike markte (1)
- Goedere en dienste, tesame met produksiefaktore (kapitaal en arbeid) word toegelaat om vrylik tussen die ledelande te beweeg.

- (4) Monetêre unie (1)
- Lande wat 'n monetêre unie vorm, stig 'n gemeenskaplike monetêre beleid en gewoonlik ook 'n gemeenskaplike geldeenheid of 'n vaste wisselkoers tussen bestaande nasionale geldeenheid bygevoeg. (2)
- (5) Ekonomiese unie
- Is die laaste stap word die proses van ekonomiese integrasie.
 - Lidlande volg 'n gemeenskaplike ekonomiese beleid ('n gemeenskaplike fiskale en monetêre beleid) (2)
- 5x(1+2)=(15)
- 9.4.1 Suid-Afrika se invoere, uitvoere gaan duurder word vir Amerikaners en die vraag na Suid-Afrika se uitvoere sal daal. Die gevolg van 'n verhoging in die prys van die rand sal 'n afname van uitvoere wees. (3)
- 9.4.2 R1 = \$0,5
R12 = \$6 (4)
- 9.4.3 Die Suid-Afrikaanse Reserwebank tree in deur meer "rand" te verkoop (aanbod van rand te verhoog) op die buitelandse valutamark, waar die waarde van die rand verminder tot die ewewigspunt gelyk aan \$0,20. (3)
- [50]

VRAAG 10 DIE STAAT

- 10.1.1 Waar
- 10.1.2 Onwaar
- 10.1.3 Onwaar
- 10.1.4 Waar
- 10.1.5 Onwaar 5x2=(10)
- 10.2 Bespreek die rol van die staat as entrepreneur in Suid-Afrika

Die staat as entrepreneur

Die staat het om verskeie redes goedere en dienste geskep, waarvan die volgende die belangrikste is:

- (i) Daar is produksie-areas waar noodsaaklike goedere en dienste *ondergewaardeer* word deur die markmeganisme. Onderwys, gesondheidsdienste, sanitasie, vullisverwydering, openbare parke en ontspanningsdienste is gebiede waar die verskaffer bereid moet wees om die gemeenskap te dien eerder as 'n wins te maak. Privaat ondernemings is traag om hierdie produksie-areas te betree en die staat moet dus hierdie goedere en dienste verskaf. (5)

- (ii) Sekere noodsaaklike goedere en dienste verg *enorme kapitaaluitleg*. Privaat ondernemings is nie bereid om hierdie dienste te verskaf nie. Dit sluit in dienste soos vervoer, pos- en telekommunikasiedienste, kragopwekking en strategiese bedrywe, wapenvervaardiging (Krygkor), besproeiingskemas, visserye en daardie bedrywe wat 'n *lang wagtydperk* vereis voordat opbrengste op kapitaalinsette verdien word (soos bosbou). Die vervoer- en posdienste is reeds gekommersialiseer as Transnet, Telkom en die Poskantoor, terwyl Yskor en Sasol geprivatiseer is. (5)
- (iii) Nog 'n rede waarom die staat as entrepreneur moet optree, is om politieke en sosio-ekonomiese doelwitte te bereik (soos dekonsentrasie en ontwikkeling van nywerhede in streekskonteks om afgeleë gebiede op te hef en te ontwikkel.) (5)
- (iv) Deur die jare is nywerheidsontwikkeling hoofsaaklik in vier metropolitaanse gebiede in Suid-Afrika gekonsentreer. Nywerheidskonsentrasie is 'n kumulatiewe proses, en tensy die staat 'n klimaat vir nywerheidsontwikkeling in minder ontwikkelde gebiede skep, sal die proses voortgaan, terwyl die onderontwikkelde gebiede (die dig bevolkte plattelandse gebiede) bly soos wat dit is. (5)
- (v) Verskeie ontwikkelingskorporasies is vir hierdie doel (ontwikkeling van nywerhede) ingestel, en die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika is ook gestig. Die regering se doel is om ekonomiese groei te bevorder en te stabiliseer en 'n hoë vlak van indiensneming en werkskepping te verseker. (5)
- (vi) *Finansiële instellings* in die openbare sektor is spesifiek georganiseer om sekere kollektiewe funksies namens die staat te verskaf (staatsfondse, sekere vorms van versekering en die koop en verkoop van buitelandse valuta). (5)

Enige 3x5=(15)

10.3 Belasting op welvaart

- (i) Voorbeelde van belasting op welvaart sluit in eiendomsbelasting, kapitaalwinsbelasting, boedelbelasting en oordragbelasting. Die beginsel is dat hoe meer eiendom 'n persoon oor beskik, hoe meer belasting is betaalbaar. (3)
- (ii) Plaaslike owerhede se vernaamste bron van inkomste is eiendomsbelasting wat die eienaars van eiendom in dorpe en stede moet betaal. (3)
- (iii) Die belasting word vasgestel as 'n sekere persentasie van die waarde van eiendom en die verbetering daarop. Dus, hoe hoër die waarde van die eiendom, hoe meer belasting is betaalbaar. (3)
- (iv) Kapitaalwinsbelasting is ter sprake op wins wanneer, effeketrusts, vakansiehuise, woonwaens en dergelike bates verkoop word. (3)

- (v) Oordragbelasting is betaalbaar wanneer eiendomme van die hand gesit word as 'n vaste persentasie van die waarde van die eiendom. (3)
- (vi) Boedelbelasting is betaalbaar op erflating bo 'n sekere bedrag. Die belasting word dan van die boedel verhaal en die erfgename ontvang slegs die oorblywende gedeelte. (3)
5x3=(15)
- 10.4.1 (a) Progressief = A (3)
(b) Proporsioneel = B
- 10.4.2 Proporsioneel – 20 % (3)
Profressief – 30% [50]

VRAAG 11 BELANGRIKE EKONOMIESE ONDERWERPE

- 11.1 **ARBEIDSVERHOUDINGE**
- (a) Waar
- (b) Waar
- (c) Onwaar 3x2=(6)
- 11.1.2 Bespreek die instellings en meganismes wat gebruik word om arbeidsgeskille op te los.
- Kollektiewe bedinging**
- (1) Vakbonde (3)
- Werkers, deur hulle vakbonde, onderhandel met werkgewers op die grondslag van kollektiewe bedinging. (3)
- (2) **Bedingingsraad**
- Gestig vir 'n betrokke industrie, bv. yster- en staalindustrie, staat en onderwyssektor. (3)
- (3) **KVBA**
- Indien 'n dispuut ontstaan wat NIE bygelê kan word nie, kan dit na die KVBA verwys word. Hierdie organisasie het in 1996 ontstaan. (3)
- (4) **Werkplekforums** (3)
- Werkgewers en werknemers kan 'n vrywillige werkplekforum daarstel waar aangeleenthede aangaande werkstoestande bespreek kan word. (3)

(5) Arbeidshof en Arbeidsappèlhof

(3)

- Dispute wat nié deur een van die bogenoemde instansies bygelê kan word nie, word voor die Arbeidshof gebring, met 'n regter as President.

(3)

5x3=[15]

- 11.1.3 'n Vakbond is 'n groep werkers in 'n spesifieke soort onderneming, nywerheid, ambag of beroep wat saam groepeer met die doel om verhoudinge tussen werkers en werkgewers te reguleer.

(4)

[25]

11.2 Produktiwiteit en Werkloosheid

- 11.2.1 (a) Onwaar

(b) Onwaar

(c) Waar (nie onder alle omstandighede nie)

3x2=(6)

- 11.2.2 Bespreek DRIE tipes werkloosheid.

(a) Wrywingswerkloosheid

(1)

- (i) Op enige gegewe tyd sal 'n sekere persentasie van die werksmag werkloos wees. Dit is die gevolg van normale toestande op die arbeidsmark waar mense tussen verskillende poste beweeg, asook nuwe toetreders tot die arbeidsmark.

(2)

- (ii) Dit is die gevolg van normale arbeidsomset en is normaalweg van korte duur.

(3)

(b) Sikliese werkloosheid

- Hou verband met die sikliese skommeling van die ekonomie in 'n resessie. Tydens die dalende fase van die ekonomie is daar 'n kleiner vraag na arbeid. Sekere werkers verloor hul werk.

(2)

- As daar weer 'n opswaai kom, is daar 'n hoër vraag na arbeid en mense word in diens geneem.

(2)

(c) Strukturele werkloosheid

(1)

- Dit verwys na die algehele onvermoë van die ekonomie om werk aan sy hele werksmag te verskaf.

(2)

- Werksgeleenthede word nie vinnig genoeg gegenereer om vir diegene wat reeds werkloos is of aan hulle wat toetree tot die mark, werk te verskaf nie.

(2)

- Tegnologiese werkloosheid – arbeidsbesparende toerusting kan veroorsaak dat mense werkloos raak, selfs al verhoog dit produktiwiteit.

(2)

3x(1+2+2)=[15]

11.2.3 **Definieer produktiwiteit.**

Produktiwiteit kan gedefinieer word as die verhouding tussen die goedere en dienste gelewer in die landseksonomie, in 'n nywerheid of in 'n individuele organisasie en die hulpbronne wat gebruik word om produksiedoeltreffendheid aan te dui.

(4)
[25]

11.3 Inflasie

11.3.1 (a) Waar

(b) Onwaar

(c) Onwaar

3x2=(6)

11.3.2 Bespreek VYF gevolge van inflasie vir die verbruiker.

(1) **Die daling in reële waarde van spaargeld**

– Wanneer inflasie styg en die koopkrag van geld daal, daal die reële waarde van spaargeld. (2)

– Dit veroorsaak dat die spaarder slegter daaraan toe is aan die einde van die tydperk as oor die hele tydperk wat hy gespaar het, afhangende van die rentekoerse. (3)

(2) **Debiteure en krediteure** (2)

– Met inflasie word debiteure gewoonlik te koste van krediteure bevoordeel.

– Die oorspronklike skuld is aangegaan teen 'n bedrag wat 'n hoër reële waarde gehad het, maar dit word terugbetaal met geld wat minder werd is. (3)

(3) **Inflasie ontnem die geldeenheid van sy waarde as ekonomiese maatstaf** (2)

Die geldeenheid verloor sy waarde en die koopkrag neem af. Dit lei tot 'n gebrek aan selfvertroue en stabiliteit. (3)

(4) **Inflasie beïnvloed die verdeling van inkome en rykdom** (2)

Mense wie se inkome stadiger groei as die inflasiekoers, byvoorbeeld pensioenarisse en persone wat van 'n vaste inkomste soos rente en huur afhanklik is, word nadelig beïnvloed as hulle reële waarde daal. (3)

(5) Beleggers (2)

- Mense wat in waardepapier, soos aandele, belê, baat dikwels by inflasie omdat die waarde van die papier vinniger as die inflasiekoers styg.
 - Gewoonlik hou die pryse wat op die effektebeurs en in groeifondse behaal word, minstens met die inflasiekoers tred. (3)
- 5x3=(15)

11.3.3 'n Toestand waar hoë werkloosheidskoerse en hoë inflasiekoerse gelyktydig voorkom. (4)
[25]

11.4.1 (a) Onwaar

(b) Waar

(c) Onwaar

3x2=(6)

11.4.2 Bespreek Suid-Afrika se energiebronne

Steenkool

- Suid-Afrika is 'n land wat oor relatief groot steenkoolreserwes beskik.
- Dit is die vernaamste verskaffer van energie en voorsien in ongeveer 83 persent van die land se primêre energiebehoefte.
- Die meeste elektrisiteit word in steenkoolkragentrales opgewek (deur EVKOM); steenkool is ook die basiese brandstof vir Sasol se brandstofprojekte.
- Suid-Afrika is die grootste uitvoerder van steenkool.

Uraan

- Suid-Afrika is die derde grootste vervaardiger van uraan (13,6% in die wêreld).
- Uraan word gebruik om elektrisiteit op te wek, vir medisyne en in die voedselindustrie.
- Dit word ook aangewend vir atoomenergie (Koeberg).

Wind

Word op 'n klein skaal gebruik om water te pomp en sodoende elektriese energie op te wek. Onbetroubare energiebron. Op plase word water met windpompe gepomp.

Natuurlike gas

- Word in fabrieke en in huishoudings vir verhitting aangewend.
- Suid-Afrika beskik oor natuurlike gasreserwes by Mosselbaai (Mosgas)
- Gas word uit die see gepomp na die kuslyn waar dit verwerk word (Hidroëlektrisiteit).
- 11.4.3 – Sou onmoontlik wees sonder water. Die visie wat deur die Randse Waterraad, die Departement van Waterwese en Bosbou aangewend is, het 'n vaste beleid gevestig vir Suid-Afrikaanse nywerhede.
- Sonder water sou sleutelindustrieë wat aansienlik bydra tot die nasionale inkomme nie kon ontwikkel nie. (4)

[25]

2x25=[50]

TOTAAL VIR AFDELING C: 4x50=[200]**TOTAAL: 400**